# DISSIPELSKAP. LES 6

| | |
|---|---|
| 1 | GEBED |

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

| | |
|---|---|
| 2 | DEEL (20 minute) *[STILTETYE]*<br>MATTEUS 18:21 – 21:46 |

***Maak beurte*** en ***deel kortliks (of lees*** van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Matteus 18:21 – 21:46). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

| | |
|---|---|
| 3 | MEMORISERING (20 minute) *[SEKERHEDE]*<br>SEKERHEID VAN OORWINNING. 1 KORINTIËRS 10:13 |

## A. MOTIVERING (vir memorisering)

***Lees*** Matteus 19:3-6; Lukas 10:25-26.
***Ontdek en bespreek.*** Hoekom is dit belangrik om Bybelverse (of Bybelgedeeltes) te memoriseer?
***Notas.*** Gememoriseerde Bybelverse sal jou in staat stel om God se antwoorde te gee vir mense se vrae.

## B. MEDITASIE (van 'n Bybelgedeelte)

(3)

| Sekerheid van oorwinning<br>1 Korintiërs 10:13 |
|---|
| Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.<br>1 Korintiërs 10:13 |

1 Korintiërs 10:13

### 1. 'n Versoeking kan terselfdertyd ook 'n beproewing wees.

Die oorspronklike woord (Grieks: peirasmos) kan vertaal word met 'versoeking' of 'beproewing'.

- 'n Beproewing (toets) is iets wat God ontwerp (en toelaat) om jou sterker en wyser te maak. 'Dit bou jou altyd op (Jakobus 1:2-4,12)!
- Maar 'n versoeking (verleiding) is iets wat jou teenstander ontwerp om jou te laat sondig. Dit trek jou lewe altyd af! Die bron van versoekings kan jou eie sondige natuur in jou liggaam wees (Jakobus 1:13-15), die sondige wêreld rondom ons (1 Johannes 2:15-17) of die duiwel (Lukas 4:1-13).

Die konteks van die teks (1 Korintiërs 10:6-11) is duidelik die volgende: afgodediens, heidense gefuif, seksuele immoraliteit en gekla teen God. Maar tóg is God só magtig dat Hy die versoeking van die duiwel om die verkeerde te doen, kan verander in 'n beproewing van God wat uitloop op 'n oorwinning! Alles hang af van die manier waarop jy op die versoeking reageer.

### 2. Die aard van versoekings of beproewings.

Dieselfde soort versoekings tref alle mense. Elkeen kan 'n versoeking herken, want dit gebeur oral in die wêreld en dit gebeur weer en weer in die wêreldgeskiedenis.

## 3. God se getrouheid as jy versoek word.

(1) God laat geen versoeking toe wat groter is as ons vermoë om dit te oorkom nie!

God is groter as ons versoekings en Hy is ook regverdig. Hy laat nooit toe dat ons bó ons kragte en vermoëns om die versoekings te weerstaan, versoek word nie. God gee altyd ’n ontsnappingsroete uit elke versoeking!

(2) God lei nooit mense in versoeking om te sondig nie (Jakobus 1:13).

Maar God kan wel ’n versoeking vanuit jou sondige natuur, die goddelose wêreld of satan toelaat! Wanneer ons bid, “Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose” (Matteus 6:13), vra ons God om op ’n soewereine manier in te gryp en nie toe te laat dat ons doen wat ons sondige natuur sou wou hê ons moet doen nie. Elke keer as ons op God vertrou en bid, “Moet asseblief nie dat ek in verleidelike omstandighede beland nie,” sal God ons uit daardie sondige situasie verlos (Matteus 6:13).

(3) God kan 'n versoeking verander in 'n beproewing.

Waarom laat God toe dat ons versoek word? Die duiwel, die sondige wêreld of die sondige natuur mag probeer om ons met versoekings af te breek, maar God kan selfs versoekings gebruik om ons op te bou! ’n Sekere gebeurtenis mag van die duiwel se oogpunt ’n versoeking wees, maar dieselfde gebeurtenis is van God se oogpunt altyd ’n beproewing (’n toets) (vgl. Job 1).

(4) God kán dus toelaat dat jy versoek word om te sondig, sonder dat dit sy bedoeling is dat jy die toets nie moet slaag nie.

In só ’n situasie sou jy kon bid, “Here, gee my U genade om nie hierdie toets te dop nie!” God het byvoorbeeld die satan toegelaat om Job tot die uiterste toe te versoek, maar Job het op God vertrou en hy was op die ou end ’n geestelik sterker en meer volwasse mens.

(5) God kan óók toelaat dat iemand sy sondige natuur volg en so in versoekings beland.

God het ook die reg om nie tussenbeide te kom nie; om nie op te tree nie! Mense wat nie bid nie en dus nie afhanklik van God leef nie, kan ook nie op God se getrouheid staatmaak nie (Jakobus 4:2). Die versoeking sal te sterk wees vir hulle en hulle sal geen ontsnappingsroete uit die versoeking kan vind nie. As mense bv. die waarheid onderdruk of verruil vir ’n leuen, het God die reg om hulle oor te gee aan hulle eie sondige begeertes (Romeine 1:24-25). Sonder God, kan niemand ooit die sondemag oorwin nie!

## 4. Praktiese maniere om van versoekings te ontsnap.

(1) Genesis 39:9-10.

Sê onmiddellik “Nee!” Wys verleidelike suggesties (voorstelle) en bose komplotte *van die hand* (Johannes 8:3-8).

(2) Genesis 39:12.

*Vlug weg* van die bron van die versoeking. Vlug altyd van die volgende versoekings af: seksuele onsedelikheid (Spreuke 4:14-15, 23-27; Spreuke 5:1-23; 1 Korintiërs 6:18), afgodsdiens (1 Korintiërs 10:14), liefde vir geld (1 Timoteus 6:9-11) en die begeertes wat ’n jongmens in gevaar bring (2 Timoteus 2:22; vgl. 1 Petrus 4:3-4).

(3) Psalm 119:9, 11.

Begin onmiddellik om God se gedagtes te *dink*. Memoriseer Bybelverse en gebruik hulle veral as jy gekonfronteer word met onrein gedagtes, of as jy met leuens en negatiewe gedagtes te doen kry (Efesiërs 6:16).

(4) Prediker 4:9-10.

Soek onmiddellik *gemeenskap* met ander Christene. Bv. ’n broer of vriend waarmee jy ooreengekom het om mekaar in bepaalde versoekings te help.

(5) Matteus 26:41.

*Waak en bid*, in besonder as jy moeg is of met geestelike veldslae (aanslae, aanvalle) te doen kry.

(6) Lukas 6:27-28.

Reageer onmiddellik met positiewe Christelike *diens* (optrede, reaksie)(Matteus 5:38-42).
Doen positiewe dinge met jou hande of dien iemand. “Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe” (Johannes 8:6).

(7) Handelinge 16:18.

Gebruik jou *geestelike gesag* en beveel die bose één om weg te gaan in die Naam van Jesus Christus (vgl. Matteus 4:9-10).

(8) 1 Timoteus 6:9.

*Vermy* verkeerde ambisies en gewoontes. “Ek het my plegtig verbind om nie na’ n meisie te kyk en haar te begeer nie” (Job 31:1).

(9) Jakobus 4:7-8.

*Onderwerp* jouself onmiddellik aan God (vgl. Hebreërs 2:18). Nader onmiddellik tot God en bid (Matteus 7:7-11). *Weerstaan* die duiwel en hy sal van jou wegvlug (1 Petrus 5:8-9).

## C. MEMORISERING EN HERSIENING

1. Skryf die Bybelvers op ‘n skoon kaartjie of op een van die bladsye van jou klein notaboekie.
2. Memoriseer die Bybelvers op die regte manier. (3) Sekerheid van oorwinning: 1 Korintiërs 10:13.
3. Repeteer. Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste Bybelverse vir memorisering na.

| 4 | BYBELSTUDIE (70 minute) *[LEWENSVRAE]*<br>WIE IS EK? EFESIËRS 2:1 - 22 |
|---|---|

Gebruik die vyf stappe metode van Bybelstudie om Efesiërs 2:1-22 saam te bestudeer.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

***Lees.*** KOM ONS LEES Efesiërs 2:1-22 saam.
Lees elkeen een vers totdat die hele gedeelte klaar gelees is.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

***Oorweeg.*** WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK?
Of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART?
***Teken aan.*** Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek.
***Deel.*** (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen ’n kans om met die ander te deel.
(Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)

2:8-9

*Ontdekking 1*. Ek is gered deur God se genade en nie deur enigiets wat ekself gedoen het nie!

Voordat ek Jesus Christus aangeneem het en in my hart en lewe laat inkom het, het ek gedink dat ek elke dag al my godsdienstige pligte moet uitvoer en ook baie goeie werke moet doen sodat ek God tevrede kan stel. Ek het gedink as ek al hierdie dinge doen, sal God dalk my lewe hier op aarde voorspoedig en suksesvol maak en sal Hy my ná die dood in die Paradys aanvaar. Ek het my verhouding met God as ’n soort saaklike ooreenkoms gesien: As ek iets vir God doen, moet Hy ook iets vir my doen!

Die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het, red my egter uitsluitlik op grond van wat Hý in sy genade vir my doen en níe op grond van enigiets wat ek doen nie! Ek het besef dat God se verlossingswerk vir my volledig en volmaak is, ook al bly my eie pogings onvolledig en onvolmaak! Ek het begin agterkom dat ware verlossing ’n totale gratis geskenk is en nooit gekoop of verdien kan word nie!

---

2:18

*Ontdekking 2*. Ek het eintlik toegang tot die lewende God!

Baie mense sê dat God so groot is, dat niemand Hom persoonlik kan ken, met Hom persoonlik kan praat en met Hom kan saamloop nie. Ander mense wens dat hulle persoonlike kontak met God kan hê, maar al probeer hulle hoe hard, ervaar hulle nooit kontak met God nie. Omdat hulle nie sy woorde hoor nie of sy dade sien nie, dink hulle dat God nie bestaan nie.

Die Bybel sê dat ek God se werk in sy skepping kan sien, dat ek sy stem in die Bybel en in my hart kan hoor, en dat ek sy sorg in my omstandighede kan ervaar. Die Bybel sê dat daar ’n regte manier is om met die lewende God kontak te maak, en díe regte manier is deur Jesus Christus. God leef in ’n plek vol lig, wat geen mens kan nader nie! Maar nietemin nader God tot my. God het Homself sigbaar gemaak en gewys wie Hy is in en deur Jesus Christus. Hy het verder alles gedoen wat nodig is vir my redding. Hy het Jesus Christus as die soenoffer vir al my sondes gegee! Toe ek geglo het dat Jesus Christus die straf vir al my sondes betaal het en daardeur my verhouding met God reggestel het, het ek Jesus Christus in my hart en lewe ingenooi. Hy het in my kom woon deur sy Heilige Gees, die Gees van Jesus Christus (Romeine 8:9-10). Dis die Gees van Jesus Christus wat my in kontak met God gebring het. Die Gees van Jesus Christus openbaar God aan my en help my om gemeenskap met God te hê. Die Gees van Jesus Christus leef in my en laat my die werklikheid van God ervaar, die teenwoordigheid van God en die nabyheid van God! Deur die Gees van Jesus Christus het ek toegang tot die teenwoordigheid van God. In God se teenwoordigheid kan ek Hom persoonlik hoor praat met my, en ek kan persoonlik met Hóm praat en kan my lewe in ’n persoonlike verhouding met Hom leef.

STAP 3. VRA. UITLEG

***Oorweeg***. WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA? Kom ons probeer al die waarhede in Efesiërs 2:1-22 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.

***Teken aan.*** Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

***Deel.*** (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

***Bespreek.*** (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)

(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

2:1

*Vraag 1*. Wat beteken "dood as gevolg van julle oortredings en sondes"?

***Aantekeninge.*** Hierdie vers beskryf wie ek was voordat ek in Jesus Christus geglo het. Sonder Jesus Christus, was ek 'liggaamlik lewendig', maar 'geestelik dood'! Natuurlik kon ek eet, drink, werk en slaap, maar as ek geestelik dood is, dan kan ek God nie ken nie en ook geen persoonlike verhouding met God hê nie.

Hoekom sê God 'n nie-Christen is 'dood' alhoewel hy goeie morele waardes het en goeie werke doen? 'n Nie-Christen kan goeie morele waardes hê en goeie werke doen, want hy is nog steeds 'n skepsel van die Lewende God! God het hom hierdie bekwaamhede gegee, alhoewel hy dit nie kan of wil erken nie. Maar die nie-Christen doen nie sy goeie werke ter wille van God of in afhanklikheid van God nie. Hy vertrou nie op God nie en gehoorsaam God ook nie. Hy dank God ook nie vir enigiets nie en hy wil God ook nie in alles verheerlik nie (Romeine 1:21). Elke ding wat die nie-Christen doen, het geen verband met die God wat Homself in Jesus Christus geopenbaar het nie. Die nie-Christen leef net vir homself, is selfsugtig, selfgesentreerd, op homself gerig en leef heeltemal onafhanklik van God. Hierdie 'onafhanklikheid van God' en dié 'skeiding van God' word 'geestelike dood' genoem.

---

2:1-4,11-12

*Vraag 2*. Wie *was* ek voordat ek 'n Christen geword het?
Wat *was* kenmerkend van my as nie-Christen?

***Aantekeninge.*** Voordat ek in Jesus Christus geglo het, het ek die volgende karaktertrekke gehad (Efesiërs 2:1-3, 11-13):

(1) Ek was geestelik dood (Kolossense 2:13).

My gees was nie bewus van die Lewende God nie. Ek het gedink dat die Lewende God nie bestaan nie. Ek het gedink dat God 'n uitvindsel was van swak mense is en dat ek God nie nodig gehad het nie. Of ek het geglo in 'n god wat'n uitvindsel is van een of ander godsdienstige leier of profeet.

(2) Ek het die weë van die wêreld bewandel (1 Johannes 2:15-17).

Ek het die lewenswyse van die mense rondom my en hulle gewoontes nageboots (Deuteronomium 18:9). Ek het gedoen wat die meeste mense gedink het wat belangrik en reg is. Besittings, mag, roem en plesier was die dinge met die grootste waarde. Ek het geleef vir voorspoed en sukses. Soos al die ander mense, het ek net vir myself geleef.

(3) Ek het die weë van die duiwel gevolg (Efesiërs 6:12; Kolossense 1:13).

Die duiwel is die regeerder van die duisternis en die bose geeste in die lug. Ek het net soos die duiwel altyd doen, leuens vertel. Ek het soms 'n hangertjie om my nek gedra om my te beskerm teen die bose magte.

(4) Ek het die begeertes van my sondige natuur bevredig.

Ek was geldgierig. Ek het vuil grappe geniet. Ek kon nie my oë beheer nie. My humeur was buite beheer. My innerlike persoonlikheid (geaardheid) was korrup.

(5) God was kwaad vir my omdat ek 'n ongelowige was (Johannes 3:36; Romeine 1:18).

God het my onafhanklikheid, mensgesentreerdheid, ongehoorsaamheid, wêreldse genietinge en korrupsie in my binneste gehaat (vgl. Psalm 5:5-6).

(6) Ek was geskei van Christus.

Ek het nie geweet dat die Lewende God deur Jesus Christus gewerk het nie. Ek het geluister na wat ander nie-christelike godsdienste oor Jesus Christus te sê gehad het, sonder om uit te vind wat Jesus Christus Self in die Bybel gesê en gedoen het. Ek het Jesus Christus heeltemal verkeerd verstaan. Ek het kwaad gepraat van die navolgers van Christus.

(7) Ek was uitgesluit uit die burgerskap van 'Israel'.

Die woord 'Israel' is hier nie dieselfde as die huidige Joodse nasie in die Midde Ooste nie. Die ware 'Israel' bestaan net uit God se volk, mense wat glo in dié God wat Homself in Jesus Christus geopenbaar het (Romeine 9:6)! Ek het nie aan die volk van God behoort nie en kon daarom nie deel in die voorregte van God se volk nie. Ek het veral nie die Bybel geken nie, wat wonderlike profesieë en beloftes en riglyne vir die lewe bevat. Ek het ook die beskerming en leiding wat God aan sy volk gegee het, nie gehad nie.

(8) Die verbonde van God was vir my vreemde begrippe.

God het ’n ooreenkoms (’n verbond) met sy volk gesluit. God het telkens gesê: “Ek sal jou God wees en jy sal my volk wees”. God wou hulle Verlosser en Vriend wees. Hy wou hulle dra soos ’n pa sy seun die hele pad wat hy moes gaan, sou dra (Deuteronomium 1:31). God het hierdie ooreenkoms met sy volk by herhaling bevestig. Maar voordat ek die evangelie gehoor het, het ek nooit ervaar dat God vir my sê, “Ek is jou God en jy is deel van my volk. Ek is jou Vriend.”

(9) Ek was sonder hoop.

Ek het geen doel vir my lewe gehad nie en die lewe het absoluut betekenisloos voorgekom. Ek het nie geweet waarom is ek hier nie en waarheen ek oppad is nie. Ek het gereeld onseker en bedreig gevoel.

(10) Ek was sonder God in die wêreld.

Daar was geen plek vir God in my lewe nie. Die werklikheid het vir my alleen bestaan uit hierdie fisiese, materialistiese en empiriese wêreld. Ek het myself ’n ateïs genoem. Ek was selfgesentreerd en in ’n sekere sin was ek my eie god!

---

2:4-7

*Vraag 3*. Wat beteken dit om saam met Christus lewend gemaak te wees, opgewek uit die dood te wees en ’n plek in die hemel te hê?

***Aantekeninge.*** Die Bybel sê dikwels dat die gelowige “saam met Christus” gesterf het, “saam met Christus” opgewek is en “saam met Christus” verhoog is tot die hemel. Dit beteken dat wat ook al met Christus (2000 jaar gelede) gebeur het, nou ’n uitwerking op Christene het! Dit beteken dat God die Vader aan dié wat in Jesus Christus glo, ’n nuwe ‘posisie’ en ‘toestand’ gee.

(1) Regverdiging.

God gee aan die Christen dieselfde ‘posisie’ of regsstatus as Christus. Dit word regverdiging genoem. God die Vader kyk na Christene soos Hy na Christus kyk. As God na die Christen kyk, sien Hy net die geregtigheid van Christus. Omdat Christus gesterf het, het *die ou sondige natuur* van die Christen ook gesterf. Sy ou natuur is saam met Christus verhoor, veroordeel, gekruisig en begrawe. Aangesien Christus opgewek is uit die dood, is die Christen ook saam met Christus lewend gemaak, m.a.w. hy is weergebore en het nou *’n nuwe geestelike natuur* in hom. Aangesien Christus opgeneem is in die hemel, sal die liggaam van die Christen ook in die toekoms opgewek word en sal hy ook ’n plek in die hemel kry. Wat 2000 jaar gelede met Jesus Christus gebeur het, sal verseker onmiddellik (vandag) ook gebeur met elkeen wat in Jesus Christus glo! Die posisie van die Christen waarborg dat God al sy beloftes vir die Christen oor die nuwe lewe sal laat waar word.

Omdat die Christen deel het aan die regverdiging deur God, leef die Christen vandag regverdig op die aarde en kan hy ook regverdig lewe!

(2) Heiliging.

God gee ook vir die Christene ’n nuwe toestand (staat). Dit word heiliging genoem. Deur die inwoning van die Heilige Gees (die Gees van Christus) in die hart van die Christen, beskou God die Christen as ‘heilig’ (apart gesit van die sonde om toegewyd vir God te lewe). Die Christen beskou homself nie alleen as ‘regverdig in God se oë’ nie, maar ook as ‘heilig in God se oë’. Hierdie toestand (staat) van die Christen waarborg dat hy die nuwe (regverdige en heilige) lewe nog meer en meer sal ervaar en kan uitlewe.

Omdat die Christen deel het aan die heiliging deur God, leef die Christen vandag heilig op die aarde en kan hy ook heilig lewe. Hy wy homself toe aan heiligmaking (om homself steeds meer van die sonde af te skei en hom aan God en sy koninkryk toe te wy)!

---

2:8-10

*Vraag 4*. As goeie werke jou nie red nie, hoekom moet ek dan nog enigsins goeie werke doen?

***Aantekeninge.***

(1) Christus het reeds die enigste goeie werk gedoen wat gedoen moes word om my te red!

Hy het aan die kruis gesterf, uit die dood opgestaan en opgevaar na die hemel *in die plek van* elkeen wat in Hom glo! Hy het alles gedoen wat nodig was vir my ewige redding. Deur sy dood het Christus *God se regverdige en heilige toorn* oor my sonde weggeneem (God met my versoen en my met God versoen), my sondes afgewas (al my sondes weggeneem en my heeltemal vergewe) en my bevry van die slawerny van die sonde (my losgemaak van die mag wat die sonde oor my het). Wat bly oor vir my om te doen? Wanneer ek in Jesus Christus glo, kan ek net die verlossing *aanvaar* as ’n volkome gratis en onverdiende geskenk! Ek verdien nie die verlossing nie. Verlossing is vir my gegee omdat God my liefhet en my genadig is!

(2) My spoggery sou Christus se werk verkleineer.

As dit moontlik was vir goeie werke of godsdienstige dade[1] om my te red, sou my goeie werke en godsdienstige dade Christus se werk vir my verlossing verkleineer en God van sy eer beroof. Op die laaste oordeelsdag sou ek teenoor God kon roem en sê dat ek deels, of heeltemal, myself gered het deur my goeie werke en godsdienstige dade! As ek geregverdig wil word deur my goeie werke en godsdienstige dade, dan beveel God dat my goeie werke en godsdienstige dade absoluut (100%) volledig en volmaak (perfek) moet wees (Galasiërs 3:10; Jakobus 2:10)! Maar omdat daar nie een enkele persoon op aarde is, wie se werke volledig of perfek is nie (Romeine 3:10-12), sal niemand in God se oë geregverdig word deur sy eie goeie werke of godsdienstige dade nie (Galasiërs 3:11)! Elke persoon, of hy nou baie godsdienstig is of 'n gewone humanis is, skiet vêr tekort aan God se absolute perfekte standaard van geregtigheid. Nie een enkele persoon sal geregverdig word of gered word op grond van sy eie goeie werke of sy godsdienstige dade nie. Niemand sal voor God kan roem nie!

(3) My goeie werke moet my dankbaarheid uitdruk.

As persoon wat in Christus glo wil ek steeds goeie werke doen, maar nie om by te dra tot my redding nie. Ek wil goeie werke doen om my dankbaarheid vir God se gratis geskenk van verlossing te toon (Matteus 5:16; Galasiërs 6:9-10)! God het baie soorte goeie werke voorberei wat Christene in die wêreld behoort te doen (Efesiërs 1:4). Hierdie goeie werke word in die Bybel beskryf (bv. Deuteronomium 10:17-18; Markus 3:4; Romeine 12:9-21). Daarom doen 'n Christen twee dinge:

- hy prys Christus se volmaakte verlossingswerk d.m.v. van Sy dood en opstanding (die enigste goeie werk wat red)
- en hy doen goeie werke as 'n uitdrukking van sy dankbaarheid vir God se gratis geskenk van verlossing.

---

2:4-10, 13-22

*Vraag 5.* Wie *is* ek nou nadat ek 'n Christen geword het?
Wat *is* nou kenmerkend van my as 'n Christen?

***Aantekeninge.*** Noudat ek in Jesus Christus glo, het ek 'n nuwe identiteit, 'n nuwe posisie en 'n nuwe toestand (Efesiërs 2:4-7).

Ek het ook die volgende kenmerke:

(1) Ek is met God versoen.

Ek is met God versoen en het nou vrede met God (Efesiërs 2:13).

(2) Ek is versoen met mense.

Ek is versoen met mense van ander rasse, wat ook in Jesus Christus glo. Nou kan ek in vrede leef met mense van enige nasie op aarde (Efesiërs 2:14-17).

(3) Ek het vrye toegang tot God (Efesiërs 2:18).

Ek leef in sy teenwoordigheid en ervaar sy werklikheid en nabyheid. Ek praat met Hom. Ek luister as Hy met my praat. Ek leef my daaglikse lewe saam met Hom (Psalm 16:8).

(4) Ek is 'n medeburger van God se volk (Efesiërs 2:19a).

Ek is 'n lid van God se koninkryk. Ek behoort nou aan die allerbelangrikste koninkryk in die mens se geskiedenis! Hierdie koninkryk groei daagliks en sal gou die enigste koninkryk in die heelal wees (Daniel 2:44)!

(5) Ek is ook 'n lid van God se huisgesin (Efesiërs 2:19b).

God se huisgesin of God se familie in die wêreld is die Kerk/Gemeente. Ek het die voorreg om God te kan aanspreek as 'ons *Vader* in die hemel'. Daarby het ek baie "Christen *broers en susters*" oral in die wêreld! Hierdie woorde 'Vader', 'broers en susters' het nie 'n fisiese konnotasie nie, maar wel 'n geestelike betekenis!

(6) Ek is deel van God se nuwe tempel (Efesiërs 2:20-22).

Dis nie 'n tempel van bakstene nie, maar ''n lewende tempel', waarin alle Christene ingebou is as "lewende stene" (1 Petrus 2:4-5). God self lewe in hierdie lewende tempel deur die Heilige Gees, wat "die Gees van God, die Gees van Christus of Christus in my" is (Romeine 8:9-10)!

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

***Oordink.*** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?
***Deel en teken aan.*** Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Efesiërs 2:1-22 neer.
***Oorweeg.*** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?
***Teken aan.*** Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

[1] Godsdienstige dade soos God se eenheid bely, elke dag 'n aantal kere bid, elke maand 'n bepaald bedrag geld gee, elke jaar 'n lang tyd vas, en eenmaal in my lewe 'n pelgrimsreis na 'n heilige plek maak.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is a lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings van Efesiërs 2:1-22.

2:1-4. Dink daaraan dat jy geestelik dood was en dat jy vroeër verkeerde weë gevolg het.
2:6. Beoefen die oortuiging: “Ek is in Christus, ek is nooit meer alleen nie!”
2:5-8. Oordink of jy werklik geestelik opgewek is saam met Christus, m.a.w. of jy Christus se volledige en perfekte verlossingswerk vir jou aanvaar het, sodat as God na jou kyk, Hy net die geregtigheid van Christus sien.
2:9. Oordink of jy nog steeds God se guns probeer wen deur die werke van die wet, goeie werke of godsdienstige werke te doen.
2:10. Lees die Bybel en ontdek watter goeie dade God vir jou voorberei het sodat jy daarin kan wandel.
2:14-17. Oordink of jy nog neersien op Christene van ’n ander ras.
2:18; 3:12 Oefen om in die teenwoordigheid van God in te gaan, om te luister na God se stem en om vryelik, vrymoedig en vertroulik met God te praat.
2:19. Dink na oor die feit of jy jouself sien as ’n burger van die koninkryk van God en ’n lid van die huisgesin van God.
2:22. Mediteer oor die feit dat God deur die Heilige Gees in die Kerk woon.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings van Efesiërs 2:1-22.

Met God se hulp wil ek ophou staatmaak op my goeie werke en godsdienstige dade en in plaas daarvan vertrou op die feit dat Jesus Christus vir my sondes gesterf het en nou in my lewe deur sy Heilige Gees.

Met God se hulp wil ek my houding teenoor Christene wat tot ’n ander nasie of taalgroep behoort, verander en in die toekoms hulle as deel van my hemelse familie beskou.

STAP 5. BID. REAKSIE
MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Efesiërs 2:1-22.
(Reageer in jou gebed op wat jy in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

| 5 | GEBED (8 minute) *[VOORBIDDING]* BID VIR ANDER MENSE |
|---|---|

***Gaan voort om te bid*** in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

| 6 | VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS |
|---|---|

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat hulle dit neerskryf.
1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van Efesiërs 2:1-22 met iemand anders of met ’n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer ’n halwe hoofstuk van Matteus 22:1-25:13. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Memorisering. Oordink die nuwe Bybelvers en leer dit uit jou kop. (3) Sekerheid van oorwinning: 1 Korintiërs 10:13. Repeteer/herhaal elke dag die laaste drie Bybelverse wat jy gememoriseer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.
.